

Probleme met die Nuwe Afrikaanse Vertaling (1983 & 2016)

Inhoud:

1. *Probleme met die Nuwe Afrikaanse Vertaling* (NAV = 1983 vertaling), ds. LS Kruger ... bl.1
2. *Verdere probleme met die Nuwe Afrikaanse Vertaling* ... bl.14
3. *Die 2016-vertaling, 'n enkele paar kritiese opmerkings* ... bl.20
4. *God se voorsienigheid, die kanon en die grondteks*¹... bl.26

1. Probleme met die Nuwe Afrikaanse Vertaling (NAV = 1983 vertaling), ds. LS Kruger²

Die beginsel standpunt wat die vertalers as uitgangspunt geneem het by die vertaling van die NAV is van kardinale belang. Hier val die klem op wat die Bybel is, hoe dit tot stand gekom het en wat die kenmerke daarvan is.

1. Die Prinsipiële Skrifbeginsels

Ons glo die Bybel is die Woord van God. Dit het Goddelike gesag. Paulus sê immers in 2 Tim. 3:16: “Die **hele** Skrif is deur God ingegee” en as hy verder byvoeg dat dit voldoende is “sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus” onderstreep hy die **duidelikheid** van die Skrif soos dit deur God ingegee is.

Hoe God die Skrif aan ons gegee het, word onder andere in 2 Petr.1:21 duidelik geopenbaar: “want geen profesie is ooit deur die wil van ‘n mens voortgebring nie, maar, DEUR DIE HEILIGE GEES GEDRYWE, het die heilige mense van God gespreek.”

Die Heilige Gees is in wese die Skrywer van die Woord van God. En daarvoor het Hy mense gebruik en geïnspireer. Ons noem dit die organiese Skrifinspirasie. Dit beteken dat God die Heilige Gees deur die eeue heen mense gebruik het, in hul eie

¹ Artikels 1-3 geskryf deur ds. S Le Cornu (GK Careltonville).

² Lesing gelewer voor die Gereformeerde Susters, Eikenhof, 11 September 1985 (Ds. Kruger was emeritus-predikant van die GKSA. Hy is oorlede in Januarie 2006).

omstandighede, aanleg, geleerdheid om die wil van God te openbaar. Nou moet ons nie dink dat die Heilige Gees die skrywers maar net 'n algemene idee gegee het en dat hulle die bedoeling van die Heilige Gees in hul eie woorde weergegee het nie. Dit gaan in die skrywe van die Woord van God ook om die **woordelike** inhoud. Ons noem dit die **grafiese** inspirasie.

Moses sê immers: “Julle mag by die woord wat ek julle beveel het niks byvoeg nie en julle mag daar niks van weglaat nie.” (Deut.4:2). In aansluiting hierby sê God in Openb.22:18,19 dat wie by die geopenbaarde Woord iets wil byvoeg God oor hom die plaes sal byvoeg en wie iets weglaat, dan sal God sy deel wegneem uit die boek van die lewe. Onse Here Christus bevestig in Matt.5:18 dat dit gaan om elke jota en titteltjie van die Woord van God. **Dit gaan in die Woord van God om die noukeurigheid van die kleinste besonderhede.**

Hiermee word gesê dat die Bybel genoegsaam en volkome is. Die Bybel, as die Woord van God, het die deurlopende tema: So sê die HERE Here! Dit word Ou en Nuwe Testament genoem (2 Kor.3:14; Hebr.9:15). En by 'n testament gaan dit om elke woord en jota en titteltjie. Daar mag nie aan gepeuter word nie, want dan is dit vervalsing van die oorspronklike. Hierdie beginsellyne dat die Bybel die Woord van God is, dit Goddelike gesag het, genoegsaam, duidelik en volkome is, word vervat in ons Nederlandse Geloofsbelydenis artt. 3 & 7.

Teen hierdie agtergrond moet ons nou die uitgangspunt van die Bybelvertalers beskou. Aangaande die wonder van die Woord van God, net die volgende twee opmerkings:

* Hoewel daar meer as 1500 jaar verloop het tussen die skrywe van Genesis en dié van Openbaring, volg die hele ontplooiingsgeskiedenis van die Bybel 'n vaste faset en is dit 'n afgeslote geheel.

* Hoewel ons nie meer die oorspronklike geskrifte van Moses of Dawid of Jesaja of Paulus het nie, het God dit so beskik dat die

hele inhoud van die Bybel bewaar gebly het deur al die eeue heen – en tot vandag toe word nog steeds nuwe en hele fragmente van die Bybel ontdek wat die oorspronklike bevestig.

2. Vereistes by Vertaling

Die krag van die Gereformeerde Kerk was nog altyd die handhawing van die waarheid van die Woord van God. Hierdie beginsel moet dus ook by elke vertaling gehandhaaf word.

‘n Vertaling is alleenlik suiwer as dit, met inagneming met die verskil in idiomatiese uitdrukkings en die verskil in sinskonstruksies tussen die oorspronklike en die ontvangstaal, teksgebonde is en bly. As gevolg van die verskil in sinskonstruksies en woordeskat kan geen vertaling absoluut presies wees nie. Juis daarom moet dubbele sorg aan die dag gelê word om die oorspronklike so suiwer moontlik **letterlik** weer te gee en is alle eie interpretasies ‘n wesenlike vervalsing.

Teen die agtergrond van wat die Bybel is, hoe dit tot stand gekom het, wat die kenmerke daarvan is en wat ‘n suiwer vertaling wesenlik inhou, moet die uitgangspunt van die vertalers van die NAV beoordeel word.

3. Die Uitgangspunt van die Vertalers

Die Bybelvertalers van die NAV het die **etiese** Skrifinspirasie as uitgangspunt vir hul vertaling geneem.

Hiervolgens gaan dit in die Bybel nie om die waarheid en vastigheid van elke jota en titteltjie nie, maar om wat die algemene bedoeling van God met die Skrif was. Daarom **is** die Bybel vir hul nie die Woord van God nie, maar **bevat** net die Woord van God. Alleen die direkte woorde van God is die Woord van God terwyl die res van die Skrif net etiese riglyne is. Gevolglik ag hulle hul nie absoluut teks- en woordgebonde soos ‘n werklik suiwer vertaling eis nie. Hierdie uitgangspunt word nie deur my by hul ingelê nie, maar dit is hul eie verklaarde uitgangspunt:

In die Voorwoord van die NAV word gestel dat dit ‘n vertaling is “wat so getrou **as moontlik** aan die grondteks bly.” Daarmee sê

hulle direk dat die grondteks nie konsekwent gevolg is nie. Die so na **as moontlik** is egter in die ‘Voorwoord van die Blye Boodschap’ baie duidelik omskrywe. Die uitgangspunt van die vertalers was, so word dit in die Voorwoord gestel, om ‘n vertaling daar te stel “wat vir die grootste moontlike getal lesers **aanvaarbaar** sal wees.”

Nie God nie maar die mens is dus hul norm. Uitgaande van die etiese inspirasie stel hulle hul uitgangspunt onomwonde “dat die verstaanbaarheid van die vertaling VAN GROTER BELANG GEAG IS as die letterlike weergawe van die grondteks.”

Hoewel die grondteks “nougeset **geëerbiedig** word”, so sê hulle, is dit nie letterlik gevolg nie. Deur **eksegetiese** ondersoek het hulle die **bedoeling** van die teks nagespeur en hul **bevinding** as **vertaling** weergegee.

Volgens die vertalers hoef die grondteks, die Testament van God, nie letterlik weergegee te word nie – solank dit net **geëerbiedig** word en **so na as moontlik** in gees en waarheid ooreenstem. Hulle ag die **aanvaarbaarheid** van die vertaling van groter belang as die suiwere weergawe van die geskrewe Woord van God soos dit deur die Heilige Gees geïnspireer, geskenk en bewaar is. Deur in hul vertaling van ‘n eksegetiese analise gebruik te maak om na te speur wat God en Jesus Christus en die Heilige Gees **eintlik bedoel** het (en nie letterlik gesê het nie), kom hulle in die NAV met hul eie interpretasies oor wat God eintlik **wou** gesê het (in moderne Afrikaans) en wat Christus **sou** gesê het as Hy in ons tyd geleef het. En om in hierdie doel te slaag, is weglatings van en byvoegings by die oorspronklike aan die orde van die dag.

In hul uitgangspunt, opset en doel het die vertalers van die NAV hul gedistansieër van die prinsipiële Skrif-gefundeerde Gereformeerde Belydenis en Belydenisskrifte (o.a. NGB artt. 3,7) dat die **hele** Skrif deur God ingegee is, daar niks aan verander mag word nie, dit duidelik genoegsaam en volkome is.

Die NAV is in wese 'n humanisties-georiënteerde **parafrase** met eie interpretasies (van die vertalers) van die oorspronklike en nie 'n wesenlike vertaling nie.

Die gevolg hiervan is dat die inhoud wemel van inhoudelike misvertalings.

4. Inhoudelike misvertalings

Op die pas afgelope Sinode is van die kant van verskeie Part. Sinodes ernstige besware teen die inhoud van die NAV ingebring. In hierdie verband wil ek 'n paar losstaande voorbeelde aanstip.

a. Die wegvertaling van Christus in die OT

Die Klassis Pretoria het in 'n breedvoerige en intensiewe studiestuk onder andere bevind dat Christus uit die Ou Testament uitvertaal is.

i) Die gebruik van die naam HERE

God openbaar Hom in sy Wese met verskillende Name in die Heilige Skrif. Met sy Naam sê God Wie Hy is en wat Hy doen. So openbaar God Homself met die Naam **Jahwè**. Dit is die Naam van die God van die Verbond, die verlossende God, God Drie-enig. Hierdie eienaam is in die ou vertaling vertaal met HERE.

Hierdie Verbondsnaam is in die NAV vereenselwig met God se "titel" "Naam **Adonai**", wat met die **Here** vertaal is. Die Part. Sinode Oos-Transvaal het bevind dat dit buite die bevoegdheid van die vertalers lê om "na aanleiding" van ander plekke in die Bybel (wat 'n subjektivistiese standpunt van die vertalers mag wees) die **onderskeidings** wat in die grondteks in die Name van God voorkom, weg te vertaal.

Hoewel die Sinode van 1982 (Acta, p.641/2) reeds teen die wegvertaling van God se Verbondsnaam (Jahwè/HERE) in die 1979-vertaling van die Psalms beswaar aangeteken het, het die vertalers van NAV hulle nogtans nie daaraan gesteur nie.

'n Treffende voorbeeld van hoe die sin, diepte en wesentlike betekenis van God se Verbondsopenbaring in die NAV wegvertaal is, is die seëngroet van Num. 6.

In die ou vertaling lees vers 24: “Die **HERE** (Jahwè) sal jou seën en jou behoed.” Hier val die klem op God, die Vader. In die NAV lees dit: “Die **Here** (nie Jahwè die God van die Verbond nie) sal julle seën en julle beskerm.” Die verandering in sin betekenis tree skerper na vore in vers 25: “die **HERE** sal sy aangesig oor jou laat skyn (profetiese-digterlike beeldspraak van Christus se verskyning as die Son van Geregtigheid) en jou genadig wees”. Hiervan maak die NAV: “die **Here** sal tot jul redding verskyn en julle genadig wees.”

In die derde spreuk (vs 26) val die klem op die werk van die Heilige Gees. “Die **HERE** sal sy aangesig oor jou verhef (= om lief te hê) en aan jou vrede gee.” Hiervan maak die NAV: “die **Here** sal julle gebede verhoor en aan julle vrede gee”.

Nie alleen verwerp die NAV die Skriftuurlike beeldspraak nie, nie alleen vertaal hulle die Verbondsnaam weg nie, maar hulle plaas hul eie interpretasie in aanhalingstekens asof hulle weergawe die letterlike woorde is wat God gespreek het!

ii. Psalm 110

Hierdie psalm besing die Messiasskap van Christus. In die ou vertaling lui die opskrif: “Die Priesterkoning”. Dit gaan in die hele inhoud om die koningskap van Christus. Die woorde van vers 1: “Die **HERE** (Jahwè) het tot my **Here** (Adonai) gespreek: Sit aan my regterhand, totdat Ek u vyande maak ‘n voetbank vir u voete”, word letterlik deur Christus aangehaal in Matt.22:44 as synde ‘n profetiese heenwyse na Hom; Mark.13:36 sê dat Dawid dit deur die Heilige Gees sê en Hand.2:34,35 verklaar dat hierdie woorde heenwys na die hemelvaart van Christus.

Die NAV verwerp die hele Messiasskap van Christus in die psalm en verwater die inhoud daarvan asof ‘n gewone aardse koning hier bedoel word: “Die **Here** (nie **HERE** nie) het vir my **koning** (nie **adonai**, Here nie) gesê: Kom sit aan my regterhand, en Ek sal jou vyande aan jou onderwerp.” Dit is ‘n totale verwaterde misvertaling.

iii. Jesaja 49:8

Nog een van die honderde voorbeelde van hoe Christus uit die OT wegvertaal is, is Jes.49:8. Daar staan geskrywe: “In die tyd van welbehae (= heilsbegunstiging), het Ek U verhoor, en in die dag van heil het Ek U gehelp; Ek behoed U en gee U as ‘n verbond van die volk” Die U wat hier aangespreek word dui op ‘n profetiese heenwyse na Christus; daarom word dit met ‘n hoofletter geskryf.

Die NAV verwater die hele teks en laat alle spore van die Christus-verwysing na: “Op die tyd wat Ek goeddink, sal Ek jou gebede verhoor, op die dag wanneer Ek wil red, sal Ek jou help

b. Wegvertaling van Skriftuurlike heilsbegrippe

In die ‘Voorwoord van die Blye Boodskap’ sê die vertalers dat hulle weggedoen het met woorde en uitdrukkings wat slegs van kerklike gebruik is en dit vervang het met “meer gebruiklike woorde uit die spreektaal.”

In hulle poging om die Bybel (onthou, dit is die geïnspireerde Woord van God) te verwêreldlik het hulle dan ook weggedoen met Skriftuurlike heilsbegrippe.

i. Welgeluksalig

Hierdie woord word in die Bybel gebruik om ‘n staat van geluksaligheid uit te druk. Dit is beskrywend van die verlore mens. So word die mens beskryf wat nie meng met die goddelose (Ps.1:1); by God en Christus skuil (Ps.2:12;84:5); deur God onderrig word (Ps.94:12); deur God uitverkies is (Ps.65:5); wie se sonde vergewe is (Ps.32:1,2) om maar net enkele voorbeelde te noem.

As Paulus in Rom.4:7,8 die mens welgeluksalig noem wie se ongeregtigheid vergewe is, wie se sondes bedek is en aan wie die Here die sonde nie toereken nie, dan kom hy met ‘n letterlike

aanhaling van Ps.32:1,2. Dit gaan hier om die ewige geluksaligheid. Die Griekse word **makarioi** dui daarop dat iemand “in die hoogs denkbare staat van geluk verkeerd” (Grosheide). Hierdie word wat Paulus met “welgeluksalig” omskrywe, kom van die Griekse stamwoord **makaria** = die geluksaligheid (Van der Es: Grieks Woordenboek). In verswakte sin beteken hierdie word “geluk” – soos dit in Plato en o.a. Luk.12:37 voorkom.

In die verplattingsproses van die NAV word die ewigheidsbetekenis van hierdie woord wegvertaal en daaraan net ‘n etiese betekenis gegee: dit gaan goed; jy is gelukkig.

ii. Goedertierenheid

Hierdie woord, wat minstens 158 keer in die Bybel voorkom, beskryf God se vergewende genade, sy barmhartigheid en lankmoedigheid as uitvloeisel van Sy neerbuigende liefde. Tog het die vertalers in die NAV hierdie wesenseienskap van God totaal uitvertaal.

c. Verplatting

In hulle strewe om weg te doen met woorde en uitdrukkings wat slegs van kerklike gebruik is, het die vertalers hulle op ‘n weg van algehele verplatting van alles wat verhewe is, begeef.

i. Die Psalms

Op die Sinode was daar ernstige beswaar (o.a. Part. Sinode Noord-Transvaal) oor die vertaalde Psalms. In hul uitgangspunt om weg te doen van alle Goddelik geïnspireerde beeldspraak, is die siel van elke Psalm wegvertaal. (Verg. maar net Ps. 23). En in die vervangingsproses van die geïnspireerde woord met hul eie en die inhoud daarvan met hul eie interpretasies, is die wesenskern van feitlik elke Psalm misvertaal. Na Ps.110 is reeds verwys. So ook na die wegvertaling van die heilsbegrippe “welsalig” en “goedertierenheid” wat die meerderheid van die Psalms kenmerk.

As voorbeeld hoe die kern misvertaal is, kan Ps.1:1 genoem word. Die weg van verval word in die oorspronklike baie duidelik uitgestip: Dit begin met die **wandel** (saamloop), word voortgesit met die **staan** en eindig met die **sit** in die kring van die spotters. In eie NAV word hierdie dalende lyn totaal gemis en in die omhaal van woorde word die kern van die teks gemis.

ii. Genesis 32

In Gen.32, waar Jakob met God worstel, word Hy gemeensaam deur Jakob aangespreek as “jy” en “jou”, terwyl Jakob in die volgende hoofstuk vir Esau eerbiedig as “u” aanspreek (Part.Sinode, Noord-Transvaal). Dieselfde verskynsel vind ons in Joh.4 waar die Samaritaanse vrou vir Christus somer “jy” en “jou” – en dit terwyl ons weet, dat teen die historiese agtergrond gesien, daar geen gemeenskap tussen die Jode en die Samaritane was nie, met ‘n vrou in die publiek haas nie gepraat is nie en dit buitendien nog ‘n Samaritaanse vrou was.

iii. Miga 1:8

Beskrywend van ‘n hartverskeurende verootmoediging lees ons in die “ou” vertaling: “Ek wil klae soos die jakkelse en treur soos die volstruise.” Die smart wat vibreer in hierdie woorde word deur die NAV amper lagwekkend weergegee as: “Ek sal skreeu soos ‘n jakkels, brul soos ‘n volstruis.”

d. Misvertaling leerwaarhede

i. Genesis 6

In Gen.6:2 word die oorspronklike “seuns van God” (= die nageslag van Set, die gelowiges – sien Hos.1:10) in die NAV met “Hemelwesens” vertaal, wat dan met “die dogters van die mense” (= ongelowiges, nageslag van Kain) getrou het en ‘n nuwe geslag verwerk het. Volgens ons gereformeerde engeleleer is die engele eenmalige geskape wesens met geestelike liggame en sonder voortplantingsorgane. Volgens die NAV beskik hul oor stoflike liggame met seksdrange en voortplantingsorgane. Daarmee word ‘n streep getrek deur die geestelike bestaan van die engele.

Die Part. Sinode Noord-Transvaal het dan ook bevind dat die opwekking van 'n nuwe menslike geslag deur hierdie “hemelwesens” in stryd is daarmee dat

* in Adam alle mense in sonde geval het (Rom.5:12) en

** God uit een bloed al die nasies van die mensdom gemaak het (Hand.17:26)

ii. Markus 1:4

Die Part. Sinode van Oos-Transvaal het ernstige beswaar gehad teen die nuwe vertaling van hierdie teks: “Hy (Johannes) het verkondig dat die mense hulle moet bekeer sodat God hulle sondes kan vergewe, en dat hulle hulle moet laat doop.” Hierdie vertolking berus op die dwaling van Arminius en word nog aangegryp deur verskeie sektes.

Hiervolgens moet jy jou eers bekeer voordat God jou sondes vergewe en eers dan kan jy jou laat doop. Nie alleen verdraai hierdie vertaling die oorspronklike, naamlik die doop van die bekering (lei) tot (in) die vergifnis van sonde en dat sondes sonder enige verdienste van ons kant vergewe word nie, maar dit trek ook 'n streep deur die hele Verbondsgedagte: ons kinders moet gedoop word as seël van die Verbond van sonde-vergifnis. Die Part. Sinode was dan ook van oordeel: “Daarom is die vertaling van die Nuwe Afrikaanse Bybel nie toelaatbaar nie.”

iii. Die Onse Vader

In Matt.6:13 eindig die Onse Vader met: “Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid.” Die NAV laat hierdie woorde weg. Die vertalers oordeel dat dit 'n valse byvoeging by die woorde van Christus was. Daarmee verklaar hulle dat die Kerk van die vroegste eeue af misgetas het en trek hulle 'n streep deur o.a. 'n gedeelte van die Heidelbergse Kategismus en die bestaande Formuliergebede.

e. Die Weglating van die Skriftuurlike historisiteit

Omdat die vertalers van die standpunt uitgegaan het dat die hele Skrif nie grafies geïnspireer is nie en dit vir hulle in die vertaling

nie gaan om wat God en Christus werklik gesê het nie, maar wat God eintlik **bedoel** het en wat Christus eintlik **sou** gesê het as Hy in ons tyd geleef het, ontruk hul vertaling uit die historiese kontekste waarin die Bybelskrywers hul bevind het deur o.a. weg te doen van alle Skriftuurlike mate, gewigte, tye, en dies meer.

Alle Bybelse lengte-, gewigs- en inhoudsmate word in die NAV wegvertaal en vervang met ons moderne mates van kilometers, kilogramme en liters. Dit is in wese dus geen suiwer vertaling nie, maar inlegkunde.

Ons Gregoriaanse kalender (met die name van die dae van die week) dateer vanaf die tyd van Pous Gregorius XIII (1572-1585) en tog word dit terug getranspoteer na Mattheus (Mat.28:1) en Lukas (Lukas 24:1) waar die oorspronklike “die eerste dag van die week” vervang word met “Sondagmôre.”)

Net so word, waar Christus in Mark.12:15 en Luk.20:24 melding maak van ‘n penning, die direkte woorde van Christus verdraai asof Hy van ‘n ongeïdentifiseerde muntstuk spreek. So word ook die word penning (= die dagloon van ‘n arbeider) in die gelykenis van die verlore penning in Luk.15 wegvertaal en vervang met ‘n ongeïdentifiseerde “silwermuntstuk” – waarmee die hele simboliek van die gelykenis ook in gedrang kom.

‘n Treffende voorbeeld egter van hoe – deur die vermodernisering van Christus se woorde en die verwerping van die Skriftuurlike simboliek en historisiteit deur die vertalers – die wesenlike sin en betekenis van die oorspronklike misvertaal is, is die gelykenis van die onbarmhartige skuldeiser in Matt.18:23 vv. Christus maak hier melding van ‘n man wat tien duisend talente skuldig was. Dit is ‘n enorme bedrag. In daardie tyd is daar nie met sulke bedrae gehandel nie. Grosheide sê dan ook: “Sommen als hier genoemd, kwamen toen niet voor.” Letterlik oorgesit gaan dit hier wel om ongeveer R8 000 000. Maar in die gelykenis gaan dit om ‘n diepe simboliek. ‘n Talent was die hoogste geldeenheid. 10 is die getal van afronding. 1000 (10x10x10) dui ‘n volkomenheid van ontwikkeling aan. En hierdie 1000 word nogmaals met 10 vermenigvuldig. In kort: die simboliek hier is dat die betrokke

dienskneg absoluut in skuld verkeer het. So onberekenbaar is sy skuld dat daar geen betalingsmoontlikheid is nie. Só skilder Christus die mens in sy absolute ewigheids-skuldverlorenheid. Daarteenoor, so sê Christus, was aan hierdie man 'n klein bedraggie, naamlik honderd pennings, verskuldig. En hierdie 100 pennings word nou “vertaal” met “n paar rand.”

Die hele simboliek van die absolute skuldverlorenheid soos vervat in die 10 000 talente word egter totaal misvertaal met “miljoene rande.” Die vertalers sien die simboliek van die ewige sondeskuld mis en vervlak dit tot 'n blote materiële skuld. En die ergste van alles is dat hulle hierdie “miljoene rande” en “n paar rand” letterlik in die mond van Christus lê deur dit in aanhalingstekens te plaas asof Christus nie van talente en pennings gespreek het nie, maar van rande. En hierdie voorbeeld van hoe die wese en kern van die oorspronklike mis vertaal is en woorde in die mond van Christus lê wat Hy nie gesê het nie, kan in massa vermenigvuldig word.

5. Die aanvaarbaarheid en gebruiksnut van die NAV

a. Aanvaarbaarheid

Ons pas afgelope Sinode, en so ook verskeie Part. Sinodes, het 'n woord van besondere dank uitgespreek vir die onvermoeide ywer van almal wat met die vertaling van die Bybel (NAV 1983) gemoeid was.

Sonder om elke besluit van die Sinode in detail aan te haal, kan die volgende hooftrekke van die besluite gestel word:

- * Die Sinode het nie die NAV amptelik gesanksioneer en in gebruik geneem nie;
- * die kanselgebruik van die vertalings van 1933/53 (die ou bestaande) en die 1983 word aan die plaaslike kerke oorgelaat;
- * die teks van die NAV sal nie in die Belydenisskrifte of die formuliere geïmplimenteer word nie;
- * Hersieningsdeputate is benoem om al die besware wat voor die Sinode gediën het en wat nog uit die kerkverband

kan kom te ondersoek. Prakties kan dit op 'n hele nuwe hervertaling afstuur.

b. Gebruiksnut

Ten spyte van al die ernstige besware wat teen die NAV ingebring kan word, beteken dit nie dat die hele vertaling nutteloos en nie-aanvaarbaar is nie. Inteendeel! Hoewel dit meer 'n parafrase van die oorspronklike is as 'n vertaling, kan dit nogtans op verskillende terreine met vrug gebruik word. In hierdie verband word verwys na 'n skrywe van dr. G Jordaan in die *Kerkblad* enkele maande gelede. Hy stel dat die NAV vertaling nuttig gebruik kan word in nie-amptelike byeenkomste soos Bybelstudie, katkisasie, huislike gebruik, e.d.m.³ (*lees asb. hierdie voetnota – slc*)

Maar wat nou van kanselgebruik van die NAV? Omdat dit in wese net 'n parafrase van die oorspronklike is met die willekeurige byvoeginge, verandering en weglatings deur van die vertalers, en dit in die prediking van die Woord van God gaan om woord- en tekseksegese van die oorspronklike, behoort liefse met die 1933/53-vertaling, in die prediking volstaan te word.

Ek wil afsluit met die vraag: Is daardie predikante wat op die kansel van die NAV gebruik maak nie dalk vlak in hul prinsipiële besinning nie?

2. Verdere probleme met die Nuwe Afrikaanse Vertaling, deur ds. S Le Cornu

³ Ek sou die OAV ook en juis aanbeveel vir nie-amptelike byeenkomste soos Bybelstudie, katkisasie, huislike gebruik, ens. Die gebruiksnut van die NAV kan gevind word in die vergelyking daarvan met ander betroubare vertalings in bogenoemde nie-amptelike byeenkomste, om dit as 'n bykomende 'verklaring' te gebruik – S. Le Cornu.

Die probleem met die NAV is ongelukkig dat dit nie die OAV probeer verbeter het nie, maar dat dit 'n ander vertaling en verklaring van die Skrif geword het. Daarteenoor was daar bv. baie groter kontinuïteit tussen die Hollandse Bybel en die OAV Bybel, al was dit 'n groot sprong van een taal na 'n ander nuwer taal.

Kyk bv. ook as 'n mens die OAV en die KJV (Engels) en selfs die NIV vergelyk met mekaar, dan is dit asof jy dieselfde woord lees ... net in 'n ander taal. As 'n mens die OAV en die NAV egter saamlees (wat ons doen in ons Bybelstudies), dan is dit in baie gevalle asof ons iets teenstrydig met mekaar lees. Baie lidmate sien hierdie teenstrydigheid raak en het dan probleme met stellings soos “dit hang af vir wie hierdie vertaling is, d.w.s. vir watter gehoor.”

Hier is 'n paar voorbeelde (die beklemtonings het ek bygevoeg en wys op die verskille in die betrokke vertalings. Ek het doelbewus die NIV [New International Version] gekies, wat ook 'n moderne 'dinamies-ekiwivalente' vertaling is soos die NAV, en bekendgestel is in 1984, 'n jaar na die 1983-vertaling):

1. Ps.45:7,8

OAV: “⁷U troon, **o God**, is vir ewig en altyd; die septer van u koninkryk is 'n regverdige septer. ⁸ U het geregtigheid lief en haat goddeloosheid. Daarom het, **o God**, u God U gesalf met vreugdeolie bo u metgeselle.”

NAV: “⁷U troon, **verhewe wese**, staan vir altyd vas, met u koninklike septer laat u geregtigheid geskied. ⁸ U het die reg lief en u haat die onreg, want, **verhewe wese**, onder groot vreugde het u God u bo u tydgenote tot koning gesalf.”

NIV: “Your throne, **O God**, will last for ever and ever; a scepter of justice will be the scepter of your kingdom. You love righteousness and hate wickedness; **therefore God**, your God,

has set you above your companions by anointing you with the oil of joy.”

Hebreeus: in albei gevalle is dit *elohim* = God. Hoekom vertaal die NAV dit as ‘verhewe wese’ terwyl geen moderne vertaling, volgens my kennis, dit doen nie ? Selfs die Nuwe Lewende Vertaling (NLV) het *elohim* as ‘God’ vertaal.

2. Ps.110:1

OAV: “Die **HERE** het tot **my Here** gespreek ... “

NAV: “Die **Here** het vir **my heer die koning** gesê ...”

NIV: “The **LORD** says to **my Lord** ...”

Hebreeus: *Jahwe ... Adoni* = “Die HERE vir my Here” of ten minste “HERE vir my Koning”. Maar waar kom die NAV aan die invoegsel of herhaling: “my heer **die koning**” ? Tereg het S du Toit gesê: “vertaling, nie ‘n verklaring nie”.

As die NAV so sterk gevoel het dat sy lesers nie mag glo dit wys op Christus nie, hoekom sit hul dit nie ten minste in ‘n voetnota nie? Hoekom byvoeg by die Skrif, want dan word dit ‘n Nuwe Afrikaanse verklaring (wat in elk geval verkeerd is), i.p.v. vertaling. Die NLV: “Die HERE het vir my heer gesê” ... is al baie beter.

3. Rom.1:17

OAV: “Want die geregtigheid van God word daarin geopenbaar uit geloof **tot** geloof, soos geskrywe is: Maar die regverdige sal **uit** die geloof lewe.”

NAV: “In die evangelie kom juis tot openbaring dat God mense van hulle sonde vryspreek enkel en alleen **omdat** hulle glo. Dit is

soos daar geskrywe staan: ‘Elkeen wat deur God vrygespreek is **omdat** hy glo, sal lewe.’ ”

NIV: “or in the gospel a righteousness from God is revealed, a righteousness that is **by** faith from first to last, {17 Or is from faith **to** faith} just as it is written: ‘The righteous will live **by** faith.’ ”

Grieks: *ek pisteos eis pistin* = (vanuit, van, deur) geloof (in, na, tot, toe, vir, tussen) geloof: dus geen ‘omdat’ hulle glo nie. In vers 17 word aangehaal uit Hab.2:4, waar die OAV lees: “Maar die regverdige, **deur** sy geloof sal hy lewe”; en die NAV: “maar wie reg doen, sal lewe **omdat** hy getrou bly.” Met die voorsetsel ‘deur’ word gewys op die *middel/manier* waardeur ‘n mens geregverdig word en reg lewe. Met die voorsetsel ‘omdat’ word gewys die *rede/begroning* waarom iemand regverdig verklaar word.

In NGB artikel 22 bely ons: “Ons sê daarom tereg saam met Paulus dat ons **deur** die geloof alleen of **deur** die geloof sonder die werke geregverdig is. Om presies te wees: Ons bedoel nie dat die geloof self regverdig maak nie, want die geloof is slegs die **middel** waardeur ons Christus, ons Geregtigheid, omhels, maar wel dat Jesus ons Geregtigheid is. Hy reken ons sy hele verdienste toe en ook al sy heilige werke wat Hy vir ons en in ons plek gedoen het, terwyl die geloof die **middel** is wat ons in die gemeenskap aan al sy weldade aan Hom verbind.” En in HK, v&a 21 word Rom.1:17 as Skrifbewys gegee vir die laaste sin wat as volg lei: “’n Ware geloof is ... ’n vaste vertroue, wat die Heilige Gees deur die Evangelie in my hart werk, naamlik dat God nie net aan ander nie maar ook aan my uit louter genade slegs op grond van die verdienste van Christus vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid, **geskenk** het.”

Dit is by hierdie ‘geskenk het’ wat Rom.1:17 as Skrifbewys dien. Nie ‘omdat’ ons glo nie, maar ‘deur’ die geloof ontvang ons al sy weldade (die ‘geskenk’), en uit die geloof in daardie geskenk lewe

ons dan in dankbaarheid. Met hierdie (baie) slegte (nuwe) vertaling ('omdat hulle glo') word die hartklop van die Reformasie in navolging van die Skrif aangetas, nl. dat ons gered word *uit* genade *deur* die geloof *sonder* enige werke (sien ook ds. Kruger se opmerkings hierbo by bl.6 oor Mark.1:6).

4. Rom.13:4

OAV: “want hy is ’n dienaar van God, jou ten goede. Maar as jy kwaad doen, vrees dan; want hy dra **die swaard** nie verniet nie, want hy is ’n dienaar van God, ’n wreker om die een wat kwaad doen, te straf.”

NAV: “want die owerheid is ’n dienaar van God tot jou beswil. Maar as jy kwaad doen, het jy rede om bang te wees, want die owerheid het nie verniet **die reg om te straf nie**. Hy is immers ook hierin die dienaar van God dat hy die kwaaddoener moet straf.”

NIV: “For he is God's servant to do you good. But if you do wrong, be afraid, for he does not bear **the sword** for nothing. He is God's servant, an agent of wrath to bring punishment on the wrongdoer.”

Grieks: *machairan* (swaard) word ‘vertaal’ of eerder verdraai deur die NAV om te beteken ‘die reg om te straf’. Die swaard was juis die simbool van “the power of life and death (Rom.13.4)” (Friberg). Die ‘reg om te straf’ kan enigiets beteken ... ook die afskaffing van die doodstraf en in die plek daarvan enigiets te plaas?

5. Ef.2:15

OAV: “deurdat Hy in sy vlees die vyandskap tot niet gemaak het, naamlik **die wet van gebooie wat in insettinge bestaan**; sodat Hy, deur vrede te maak, die twee in Homself tot een nuwe mens kon skep”

NAV: “Die wet **van Moses met al** sy gebooie en bepalings het Hy opgehef, en deur vrede te maak, het Hy in Homself dié twee, Jode en nie-Jode, tot een nuwe mensheid verenig.”

NIV: “For he himself is our peace, who has made the two one and has destroyed the barrier, the dividing wall of hostility, ¹⁵ by abolishing in his flesh **the law with its commandments and regulations**. His purpose was to create in himself one new man out of the two, thus making peace”

Grieks: Daar is nie ‘Moses’ in die grondteks nie, en nog minder die adjektief ‘al’ (*pas*). Weereens, die NAV is ‘n verklaring en nie ‘n vertaling nie, en boonop ‘n slegte verklaring daarby, omdat die ‘vertaling’ hier misverstand kan veroorsaak dat nie net die seremoniële wette tot niet gemaak is nie (NGB art.25), maar sommer ook ‘al’ Moses se wette, dus ook die tien gebooie. Miskien nie die bedoeling van die ‘vertalers’ nie, maar die gevaar vir misverstand is groot vir lidmate met so ‘n vertaling.

6. Sien die verskil tussen die OAV teenoor die NAV by **Ef.5:19**:

OAV: “Spreek onder mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere; en sing en psalmsing in julle hart tot eer van die Here ...”

NAV: “en sing onder mekaar psalms, lofgesange en **ander** geestelike liedere; sing met julle hele hart tot eer van die Here.”

NLT (New Living Translation): “singing psalms and hymns and spiritual songs among yourselves, and making music to the Lord in your hearts.”

NLV (Nuwe Lewende vertaling): “terwyl julle saam psalms en lofgesange en geestelike liedere sing”

In die Grieks is daar glad nie die woord ‘ander’ soos wat dit deur die NAV hier bygevoeg word nie. Waarom het die NAV vertalers dit daarby ingevoeg (so ook by Kol.3:16)? Die konteks van Ef.5:19 regverdig ook nie die woord nie. Is dit dalk ingevoeg om begronding te probeer kry vir Gesange in die erediens ?

Ten slotte

Ja, geen vertaling is onfeilbaar nie, maar dit moet getrou oorgesit word vanuit die grondtale, sodat ons mense ‘n betroubare vertaling van God se Woord het in ons eie taal. Verder moet dit ‘n ‘vertaling’ wees, nie ‘n ‘verklaring’ nie. Hoe gouer lidmate en hul kinders weer terugkeer om die OAV te gebruik, hoe beter. Mag die vertaling wat nou aan gewerk word hierdie en baie ander foute regstel sodat ons kerke weer saam verenig kan word om een betroubare vertaling van die Woord van God in Afrikaans.

Ns. Wat die ‘2016-vertaling’ betref, lyk dit ongelukkig nie te goed volgens sekere proefvertalings wat al verskyn het nie, sien die volgende artikel.

3. Die 2016-vertaling – ‘n enkele paar kritiese opmerkings

Inleiding

Daar is in 2008 aan die Afrikaanse kerkverbande se gemeentes ‘n pamflet uitgestuur met die naam ”Afrikaanse Bybelvertalingsprojek – Proefvertaling deur die Bybelgenootskap”.

Dit word uitgestuur met die doel om “die lesers se reaksie op die inhoud van die proefvertaling en die aard van die Afrikaans te toets”, en wil die Bybelgenootskap graag weet hoe u en ek voel oor hierdie proefvertaling. Dit is dus geen finale vertaalwerk van die betrokke stukke in die pamflet nie (Gen.1; Deut.5; Ps.1,8,23; Matt.6; 1 Kor.13). In die pamflet is daar ‘n afskeur-poskaart wat gebruik kan word om jou indrukke te gee, of ‘n e-pos adres waarin opmerkings gestuur kan word (waarna ek ook my opmerkings hieronder gestuur het).

Hier is ‘n paar enkele opmerkings solank van my kant af (onderstrepings bygevoeg):

1. Die inleiding op Genesis

In die “Inleiding” op Genesis, die tweede sin (bl.5) staan daar,

“Die boek begin daarom ook met ‘n gedeelte (1-11) wat die oorspronge van die mensdom probeer beskryf uit die oogpunt van die godsdienstige oortuigings van die mense van die Bybelse tyd.”

Vraag: wat word bedoel met hierdie sin ? Waarom die woordjie ‘probeer’ ? Bogenoemde sin laat Gen.1-11 klink na die subjektiewe mening van ‘n klompie Jode wat probeer sin maak het uit die wêreld waarin hul bestaan vanuit hul eie idees, moontlik net nog ‘n oorsprongs-teorie tussen die magdom van oorsprongsteorieë in

die destydse ‘bybelse tyd’. Is Gen.1 dan nie Godsopenbaring wat Israel gesaghebbend ontvang het, deur die Heilige Gees openbaar aangaande die oorsprong van die mensdom nie (sien bv. Matt.19:4) ? Die gevaar bestaan dat hier moontlik ruimte gelaat word sodat vandag se mens van ons (post)modernistiese tye die ‘oorsprong van die mensdom’ kan beskryf uit hul ‘godsdienslike oortuigings’, wat die oortuiging van (teïstiese) evolusie insluit. Die sin skep verwarring.

2. Watter G(g)ees ?

Gen.1:2 se vertaling (bl.6): “*En die gees van God was aan die sweef oor die water*”

Vraag: hoekom ‘n klein letter “g” by die woord “gees” ? Sien HK v/a 25 wat hierdie vers gebruik ter begroning van die belydenis dat God Drie-Enig is, “naamlik die Vader, die Seun en die *Heilige Gees* ... Omdat God Hom so in sy Woord geopenbaar het, dat hierdie drie onderskeie Persone die enige, ware en ewige God is” asook HK v/a 53 wat hierdie vers gebruik ter begroning van die belydenis dat “Hy (die Heilige Gees) saam met die Vader en die Seun ware en ewige God (is).”

3. Die dae van die skepping

Voetnoot c by Gen.1:5 (bl.6) lees as volg,

*”**dag een** Die getal sewe is dikwels in die Bybelse tyd gebruik om ‘n verhaal, gedig of lied te struktureer en tot ‘n klimaks te laat ontwikkel.”*

Vraag: dit is waar dat die getal 7 simboliese waarde het in die Bybel (soos baie ander getalle), maar waarom dit hier vermeld ? Is dit dalk om die leser te laat verstaan dat die skeppingsdae op allerlei maniere ‘simbolies’ verstaan moet word, behalwe die ‘letterlike’ grammaties-historiese verstaan van ses letterlike historiese dae, soos verwoord word in Ex.20:11 ?

4. God Drie-enig

By voetnoot *f* by Gen.1:26 (bl.7) lees ons,

“1:26 Ons *Die meervoudsvorm wat hier gebruik word, verwys waarskynlik na God se ‘binnespraak’, of dit is ‘n soort koninklike meervoud. Die naam van God staan in Hebreeus ook in die meervoud.”*

Opmerking: In NGB artikel 9 bely ons dat o.a. hierdie spesifieke vers getuig van die Drie-eenheid: “Ons weet dit alles sowel uit die getuienisse van die Heilige Skrif as uit hulle werkinge, veral uit werkinge wat ons in onself voel.^[1] Die getuienisse van die Heilige Skrif wat ons leer om in hierdie heilige Drie-eenheid te glo, staan op baie plekke in die Ou Testament, en dit is nie nodig om hulle almal op te noem nie. Ons kan hulle onderskei en oordeelkundig uitkies: (Gen.1:26,27) “En God het gesê: *Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis ... En God het die mens geskape na sy beeld; man en vrou het Hy hulle geskape ...* Ons word op al hierdie plekke baie duidelik geleer dat daar drie Persone in een, enige Goddelike Wese is.^[2]“

5. Besitlik of jaloers ?

Deut.5:9 word vertaal (bl.9) as, “... *Ek is ‘n besitlike God wat kinders laat boet ...*”

Vraag: is die woord ‘besitlik’ ‘n goeie afrikaanse woord om God se heilige jaloersheid te beskryf ? ‘Besitlik’ klink na ‘n sondige begrip in moderne Afrikaans.

6. Wat van die Messiaanse Psalms ?

Die ‘Inleiding’ van die Psalms (bl.11) vermeld verskillende soorte Psalms, “*so verwoord die psalms byna al die emosies wat gelowiges kan ervaar in hulle verhouding met God*”

Opmerking: Daar is egter geen vermelding in die ‘Inleiding’ van een van die sentrale lyne in die Psalms nie, naamlik die Messiaanse Psalms wat dié sentraal-bepalende saak en ‘emosie’ was van die gelowiges van die OT (en NT) in hul verhouding tot God (Ps.110:1, vgl. Hand.2:34,35).

7. Die Onse Vader gebed

Voetnoot *h* by Matt.6:13 (bl.17) lees as volg,

“6:13 verlos ons van die Bose *Ander manuskripte en ouer vertalings lees ook nog hierna: ‘Aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlijkheid tot in ewigheid.Amen.’ Daar word algemeen aanvaar dat dit nie deel van die bronteks is nie.”*

Vraag: Volgens die gereformeerde belydenis is hierdie frase deel van die kanon van die Skrif (sien HK v/a 119 en 128). Die tweede sin, (“Daar nie”) bevraagteken die kanoniek van die Skrif soos bely word in die NGB art.4 (“Ons vat die Heilige Skrif in twee dele saam: die Ou en die Nuwe Testament. Dit is die kanonieke boeke waarteen niks ingebring kan word nie”). Hierdie voetnota spreek dus ‘n kanonieke waarde-oordeel/kritiek oor die Skrif uit wat nie deur die NT tekstkritiek met sekerheid bepaal kan nie. Ekself glo dat hierdie frase wel deel is van die bronteks, en dat daar in ‘n voetnota slegs vermeld moet word dat daar wel ander manuskripte is wat dit nie bevat nie. As die Meerderheidsteks en Textus Receptus nie gevolg word nie, moet ten minste die tweede sin weggelaat word.

8. Die Godsname

Daar word met dankbaarheid kennis geneem dat die Godsname onderskei word in die vertaling van die Ou Testament deur die gebruikmaking van hoofletters en kleinletters (HERE/Here), ongeag die feit dat die Hebreeuse grondteks nie onderskei tussen hoof- en kleinletters nie. Mag dieselfde wysheid en insig ook

gehandhaaf word in die aanduiding van die Messias in die OT, daar waar die res van die Skrif die eksplisiete Messiaanse gedeeltes vir ons aandui (bv. Ps.110, vgl. Matt.22:41-46).

9. Brontaal-vertaling

Dit is ook verblydend dat die vertaling terugkeer na die ‘bronteks georiënteerde” vertaalmetode.

10. Wat maak die 2016 vertaling anders ?

Op die vraag hoe gaan die nuwe vertaling (2016) *verskil* van die bestaande vertalings, word in die ”Begeleidende Inligting” (bl.2-4) van die pamflet verskeie redes vermeld, waarvan een is: dit sal nie ‘n “woord-vir-woord vertaling soos die 1933/53-vertaling wees nie. In die nuwe vertaling sal daar groter klem gelê word op die weergee van die bronteks in vloeiende Afrikaans as wat by woord-vir-woord vertalings die geval is.”

Wat egter nie vermeld word as ‘n ‘verskil’ tussen die 2016 vertaling en die 1933/1953 vertaling nie, is seker die grootste en belangrikste verskil wat sedert die koms van die 1983 vertaling, gelowiges oor alle kerkgrense verdeel het, en dit is die saak van hoe die Messiaanse gedeeltes in die OT aangedui gaan word. Met hoof- of kleinletters ? Waarom hierdie baie belangrike feit nie vermeld word in hierdie voorwoord nie, is werklik vreemd, aangesien dit ‘n wesentlike verskil is tussen bv. die OAV en die NAV.

Wat die besluit van die Advieskomitee van die 2016-vertaling is (nl. dat die Mesiaanse gedeeltes gaan nie met hoofletters aangedui word nie, slegs in voetnotas – soos die nuwe omdigting) kan hier gelees word: www.2016vertaling.co.za.

Sien ook op genoemde webblad, die teologiese veronderstellings wat onderliggend is aan of jy met hoof- of kleinletters die Messiaanse gedeeltes aandui. Dit gaan nie soseer oor die gebruik

van hoof-of kleinletters nie, maar veral oor die rede(s) waarom jy die een verkies en die ander een verwerp, waarom jy verkies om die Messias in die Teks of in die voetnotas aan te dui. Dit openbaar 'n mens se teologies-hermeneutiese vertrekpunte en siening van die verhouding OT-NT.

Dit is my beskeie mening dat nie die Godsname of vertaalmetode nie, hoe belangrik dit ookal is, die bepalende faktor in die aanvaarding van die 2016-nuwe vertaling gaan wees nie, maar hoe daar met die Messias omgegaan word.

*“En Hy sê vir hulle: Dit is die woorde wat Ek met julle gespreek het toe Ek nog by julle was, dat alles wat oor My geskrywe is **in** die wet van Moses en die profete en die psalms, vervul moet word.” – Lukas 24:44*

4. God se voorsienigheid, die kanon en die grondteks, ds.S Le Cornu

Deel van die probleem aangaande die vertalingkwessie, lê na my mening in die volgende saak: God se voorsienigheid ten opsigte van die kanon en die grondteks.

Aangesien ekself met die sake worstel, lê ek die volgende gedagtes in u midde vir verdere besinning en bespreking.

1. Kanon

Wanneer dit oor die *kanon* gaan, dan sê of bely ons tereg dat die kerk nie die kanon vasgestel het nie, maar ontvang het deur God se Voorsienigheid:

"... die kerke (het) nie besluit dat hierdie 66 boeke tot die Bybel moet behoort nie. Hulle het bloot amptelik erkenning gegee aan dit wat die *Heilige Gees* oor verloop van drie eeue in die kerke laat gebeur het: dat hierdie 66 boeke, en hulle alleen, herken is as Goddelike Geskrifte, God se Woord, die Bybel." (*Kerkblad*, Maart 2008, p.19)

Daar is nêrens in die kanon 'n volledige lys met 66 name wat sê dit is die kanon nie. Ons glo dat God deur sy Gees die bepaalde 66 boeke vir sy kerk gegee het, en in ons harte is hierdie getuienis vas en seker, niks kan teen hierdie boeke ingebring word nie, en hul getal kan nie verminder of vermeerder word nie (NGB artikel 4-6).

2. Grondteks

Wanneer ons egter by die grondteks kom, word daar anders te werk gegaan:

"Die Tekskritiek probeer om 'n betroubare grondteks saam te stel (vanuit die verskillende manuskripte) ... (en) waar

daar wel verskille is moet daar op *goeie wetenskaplike gronde* tussen die verskillende lesings gekies word. Een van die beginsels in hierdie proses is dat 'n *mens* nie bloot maar net manuskripgetuie is kan tel en so besluit watter lesing die beste is nie. In meeste gevalle behoort daar eerder geweeg as getel te word." (*Kerkblad*, Augustus 2005, p.14,15)

Dus:

- die kanon ontvang ons gelowig deur die Gees in God se Voorsienigheid.

- wat die grondteks betref, moet die mens deur wetenskap, deur te weeg of te tel, bepaal of vasstel wat die 'betroubare grondteks' is, d.w.s. God se Woord word 'saamgestel'.

Baie mense sal sê: ons 'bepaal' nie God se Woord nie, ons vergelyk maar net die 'verskille' tussen die manuskripte. Dalk is dit nie die bedoeling nie, maar in die moderne praktyk van tekskritiek kom dit ongelukkig daarop neer. Dit sien ons onder andere in die volgende aanhaling:

"Langs hierdie weg (om te weeg) - wat natuurlik baie ingewikkelder is as wat nou in 'n paar woorde geskets is - word uit al die verskillende manuskripte een teks *saamgestel* wat *na die mening van die betrokke samestellers* die naaste aan die oorspronklike kom en dan as grondteks beskou word." (*Kerkblad*, Augustus 2005, p.15)

Natuurlik kan 'n mens ook vra: as ons nie die oorspronklike het nie, en die ou manuskripte wat ons gehad het, was nie 'n getroue weergawe van die oorspronklike nie, en die nuwe manuskripte is dit ook nie, hoe kan ons nog enigsins daarna strewe om "naaste aan die oorspronklike" te kom ?

Hierdie probleem, dilemma en twyfel het natuurlik juis ontstaan nadat 'nuwe manuskripte' ontdek is aan die einde van die 19de eeu, en wat op vele plekke verskil van die ou manuskripte. Die ontdekking is nie die groot probleem nie, maar wel wat daarmee gedoen is en die gevolge wat dit het vir die bestaande manuskripte: die 'nuwe' manuskripte is nou 'beter' as die ou manuskripte, en dit is 'nader' aan die 'oorspronklike'.

Dit lyk my die enigste legitieme antwoord hierop, is om soos in die verlede gelowig te aanvaar en te bely dat die manuskripte wat die kerk nog altyd gehad het wel betroubare afskrifte is van die oorspronklike grondteks, wat God in sy voorsienigheid vir sy kerk bewaar het, soos dit bv bely word in die Westminster Konfessie, hoofstuk 1.8:

"Die Ou Testament in Hebreeus (wat die moedertaal van God se volk in die ou tyd was) en die Nuwe Testament in Grieks (die taal wat algemeen bekend was aan die volkere toe dit geskryf is), is onmiddellik deur God geïnspireer **en deur sy buitengewone sorg en voorsienigheid in alle eeue suiwer bewaar en is daarom betroubaar**; sodat in alle godsdienstgeskille die Kerk hom uiteindelik daarop sal beroep. Maar omdat die ganse volk van God nie almal die oorspronklike tale ken nie, wat reg het op en belang het by die Skrifte en wat beveel word om hulle in die vrees van God te lees en te ondersoek, daarom moet hulle vertaal word in die volkstaal van elke nasie tot wie dit kom, dat die Woord van God oorvloediglik in almal kan woon en hulle Hom op geskikte wyse mag dien, en deur die volharding en vertroosting van die Skrifte hoop kan hê."

3. Vrae

Om dan te beweer dat 'nuwe manuskripte' wat later in die geskiedenis ontdek is, nou ons in staat stel om 'n 'beter' suiwerder

grondteks vas te stel, laat twee baie ernstige vrae na vore kom vir die kerk en gelowige:

1. was of is dele van my ou Bybel dan nie woord van God nie ? Is bv. Matt.6:13b en Joh.8:1-11 woord van God of nie ?

Wat word dan anders bedoel met woorde soos:

"Saam met die nuwe ontdekking van ouer manuskripte het die tekskritiek-wetenskap self ook baie ontwikkel. Betroubare metodes om die ouderdom van tekste te bepaal is byvoorbeeld ontwikkel. Die gevolg hiervan was dat daar *sedert die laaste helfte van die vorige eeu 'n meer betroubare grondteks saamgestel kon word.* Ons eie Bybelvertalers het vir die 1983-Vertaling 'n grondteks wat in 1975 saamgestel is gebruik, naamlik die derde uitgawe van die grondteks van die Wêreldbond van Bybelgenootskappe." (*Kerkblad*, Augustus 2005, p.15)

Die gelowige, wat God aanbid, vir Jesus lief het, soek nie sy Woord 'min of meer' nie, of 'minder betroubaar' nie ? Met hierdie aanhaling word gesê die OAV is 'minder' betroubaar, terwyl die NAV 'meer betroubaar' is. Waarmee het die gelowige dan te doen as hy sy OAV lees ? 'n Minder 'suiwere' woord van God ?

Maar, selfs oor die NAV moet daar dan ook twyfel wees, daarom die twyfelagtige voorwoord in die NAV: "... met die resultate van wetenskaplike ondersoek, maar wat so getrou as moontlik aan die grondteks bly ..."

Dit beteken dat die Woord van God nooit vas is nie, maar aanhou verander (evolueer?), soos 'die wetenskaplike ondersoek' al hoe meer 'sekerheid' vir ons gaan kry deur nader te kom aan die 'oorspronklike', want die ontdekking van 'ouer manuskripte', wat as 'beter' manuskripte beskou en verklaar word, beteken vanselfsprekend:

1. twyfel oor of die ou manuskripte van die verlede wel betroubare afskrifte van God se Woord is/was, en
2. twyfel of ons ooit 'n werklik betroubare grondteks van God se woord sal hê ?

Dit lyk my die uiteinde van die moderne tekskritiek is, geen sekerheid oor die verlede of hede nie, en dat die kerk en die gelowige afhanklik is van die wetenskaplike ondersoek om sekerheid te skep of hopelik te ontdek. Tekskritiese positivisme ?

2. 'n Tweede probleem, is, die teologiese vraag: het God in sy voorsienigheid 'n ander woord gegee, nou skielik vanaf die einde van die 19de eeu ? Voor die 19de eeu het God se Woord bv. ook Mark.16:9-20 en Joh.8:1-11 ingesluit, maar na die 19de eeu is dit nie meer Woord van God nie, want die 'beter' manuskripte bevat dit nie ?

Die redenering dat die 'verskille' (omtrent 15% van die NT teks) nie oor wesentlike sake gaan nie, word goed bedoel, maar antwoord nie die vraag oor wat is nou God se Woord en wat is nie, want dalk ontdek ons oor 'n paar manuskripte wat nog nader is aan die 'oorspronklike' (en dus 'betroubaarder' en 'beter' is), wat dalk nie die opstanding van Christus bevat nie. Wat dan ?

Verder, as u redeneer: ja, maar God het ook in sy *voorsienigheid* vir ons nou 'beter' manuskripte gegee, wat nie sekere gedeeltes bevat nie, dan is my kanonvraag: as God in sy voorsienigheid ons nou 'n vyfde Evangelie gee, of nog 'n brief van Paulus, gaan ons dit insluit in die kanon, en dan 'n kanon met 67 boeke hê ... want God gee ons mos nou 'in sy voorsienigheid' nog 'n boek ?

Nee, ek glo die eerlike gelowige weg uit hierdie krisis waarin tekskritiek-kanon-grondteks vraag vasgevang is, is om te bely dat God *het* sy Woord aan ons gegee en getrou bewaar nie net in die aantal boeke wat Hy vir ons deur sy Gees gegee het nie, maar *ook*

in die betroubare manuskripte wat Hy reeds deur die eeue van die begin af vir ons laat bewaar het. Dit waarvan ons by implikasie bely in ons kanon en gesag artikel van NGB artikel 4 en 5:

"Ons vat die Heilige Skrif in twee dele saam: die Ou en die Nuwe Testament. Dit is die kanonieke boeke waarteen *niks* ingebring kan word nie. Hulle getal in die kerk van God is soos volg⁴ ... "Ons aanvaar al hierdie boeke, en hulle alleen, as heilig en kanoniek om ons geloof daarna te rig, daarop te grondves en daarmee te bevestig. Ons glo ook sonder twyfel *alles wat daarin vervat is*, nie juis omdat die kerk hulle aanvaar en as sodanig beskou nie maar veral omdat die Heilige Gees in ons hart getuig dat hulle van God is. Hulle het ook die bewys daarvan *in hulleself*, aangesien selfs die blindes kan tas dat die dinge wat daarin voorspel is, plaasvind." - NGB artikel 5

Daarom kan daar nie deur die geskiedenis nuwer grondtekste of manuskripte kom wat vorige manuskripte, wat die kerk deur die eeu as Woord van God gehad het, weerspreek of korrigeer in terme van omvang nie. Daar kan nie 'beter', d.w.s. 'n 'meer betroubare' Skrif wees nie, wat die grondteks betref nie. Anders is ons kanon 'n geknakte *riet*, en nie 'n betroubare maatstok nie, wat nie vas en seker is met die doel "om ons geloof daarna te rig, daarop te grondves en daarmee te bevestig" nie.

Ja, natuurlik kan ons ander manuskripte deur die eeue ontdek, wat ons dan kan vergelyk met die manuskripte wat ons reeds het deur die eeue, en dan kan ons in 'n voetnota vermeld dat die nuwer manuskripte het nie hierdie of daardie verse nie of het 'n vers by (a.g.v. bv. *moontlike* oorskryffoute, nie al die tekste gehad om oor te skryf nie, nie klaar oorgeskryf nie, dittografie, spelfoute, onsekerheid, dwalinge in of uitskryf, ens.) In die

Engelse wêreld kry ons hierdie gebruik by die *New King James Version* vertaling.

Ek wil my nie inlaat oor al die sogenaamde samesweringsteorië en ander idees waarom daar nou skielik nuwe manuskripte ontdek is nie, of oor die karakter of bedoelinge van voorstaanders vir die ouer of nuwer manuskripte nie. Dit is baie spekulatief en verdelend van aard, en na my mening nie finaal bepalend vir hierdie saak nie. Allerlei histories-ideologiese argumente kan na beide kante toe sny. Ek glo ons moet bloot die sake broederlik bespreek en nie mense se bedoelinge en motiewe bevraagteken na beide kante toe nie.

Daarom moet ons erns maak met die verhouding "grondteks-kanon-manuskripte en God se Voorsienigheid" deur die geskiedenis.

4. Samevattend

1. ons glo dat God in sy voorsienigheid vir ons 66 boeke gegee het, wat die kerk deur sy Gees ontvang het in die geskiedenis.

Implikasie: daar sal nie deur die geskiedenis 'n 67ste boek wees om by die kanon te voeg nie.

2. ons glo dat God in sy Voorsienigheid reeds deur die eeue betroubare manuskripte gegee het van die oorspronklike. Ons soek nie nog 'beter' of die 'beste manuskripte' nie, ons het dit reeds deur die eeue ontvang.

Implikasie: daar sal nie deur die geskiedenis vir ons manuskripte gegee word wat die voriges verbeter in die sin dat dit sekere dele weglaat of byvoeg nie.

3. Tekskritiek en vertalingsimplikasie: die ouer manuskripte wat die kerke deur die eeue gehad het is die grondteks wat gebruik behoort te word vir vertalings (ook die nuwer vertaling wat nou

aan gewerk word deur die Bybelgenootskap), terwyl daar wel in voetnotas bloot vermeld kan word dat manuskripte wat later ontdek is, wel hierdie of daardie vers in het of nie in het nie, sonder om 'n waarde-oordeel of uitspraak oor die vaste kanon/manuskripte te maak, in navolging van wat ons bely in NGB artikel 2-7.

Die gras verdor, die blom verwelk; maar die woord van onse God hou stand in ewigheid. - Jesaja 40:8